Towerlantern Fotografie

fotografienuus

mei 2021

Die mooie Oos-Vrystaat

Lensopening: f11; Sluiterspœd: 1/60, 1/100, 1/125 sekonde; Fokale lengte: 135 mm

Gaan jy op reis? Selfs net 'n draai deur jou dorp? Ons wenk is: Wees altyd gereed met jou kamera, of in elk geval met jou selfoon.

Ons was onlangs so gelukkig om deur die mooie Oos-Vrystaat te reis. By baie omgewings in ons land is April 'n gœie reiskeuse, beslis ook die Oos-Vrystaat. Benut die geleentheid as dit kan – en sien die mooiheid van ons land. Dit neutraliseer gelukkig sommer ook al die goor nuus van ons land. Selfs gaterige paaie.

In hierdie uitgawe van *Fotografienuus* nooi ons jou uit om saam op reis te gaan. Meimaand is steeds ook nog 'n gœie reismaand. Lees gerus verder – daar is allerlei reiswenke wat jou dalk net handig te pas gaan kom op een van jou reise.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Pak dus jou tasse en kom saam op reis. Laat die voorbladfoto jou inspireer. Let op na die helderheid en sprankel van die foto. Streef daarna in jou foto's. Landskapfoto's kan baie maklik "vaal" en uitgewas lyk, ten spyte van die korrekte kamera-instellings.

Verbeel jou jy mœt foto's neem vir 'n reistydskrif. Geen vaal foto gaan deug nie. Ons voorbladfoto is 'n *Photomatix*-samestelling van drie foto's. Dié foto's se instellings is presies dieselfde, behalwe die sluiterspœd wat gevarieer is (1/60e, 1/100e en 1/125e van 'n sekonde). Die lensopening en fokale lengte is algemene waardes.

Nog 'n wenk om te onthou vir jou foto's vir 'n reistydskrif is om te probeer om 'n komposisie te kry wat minder algemeen is. Die voorblad toon so 'n voorbeeld met die horisonlyn wat baie laag lê. Jy kan 'n foto dikwels van "ordinêr" na "baie besonders" verander deur slegs eenvoudig gedeeltes van die foto weg te sny. Ons kom later hierop terug.

Mœnie jou reiskaartjie verloor nie – kom nou verder saam op ons reistœr. Maak veral seker dat jy verderaan lees oor ons spesiale kortkursus-"reiskaartjie" voordat jy op reis gaan.

Wenke

vir die neem van
REISFOTO'S

As beginpunt vir reisfotografie nœm ons 'n paar uitgangspunte, onder andere ook wat deur die tydskrif *National Geographic* as *Travel Photography Tips* gegee word:

WENK 1 Mœnie dink jy mœt net na veraf plekke reis nie. Dit kan selfs so naby as jou dorp of plaas wees.

WENK 2 Wat vooraf reisreëlings betref, is dit logies om seker te maak van 'n groot verskeidenheid niefotografiese sake soos paspoorte, visums, finansies, ensovoorts. Vanuit 'n fotografiehœk gesien, is 'n baie belangrike saak om te onthou om ook 'n lys van al jou fotografie-tœbehore saam te stel, selfs met foto's daarby. Dit geld veral vir buitelandse reise.

WENK 3 Vra jouself af hœkom jy na 'n bepaalde plek op reis gaan. Dœn vooraf die nodige navorsing en kry inligting oor die plek. Lees bœke, kry kaarte, dœn wyd navraag.

WENK 4 Wanneer jy by jou bestemming aankom, maak tyd vir foto's – en spesifiek gœie foto's. Loop rond, verken die plek, sien die mense, ervaar die atmosfeer.

WENK 5 Mœnie tevrede wees met die eerste paar foto's van 'n plek of omgewing nie. Beweeg rond, gaan nader, probeer verskillende hœke, gebruik al jou lense.

WENK 6 Dit word sterk aanbeveel dat jy vooraf ook al 'n rekenaarvouer skep met internetfoto's van plekke waarheen jy gaan en dinge waarvoor jy mœt uitkyk.

WENK 7 Ten slotte, verwag steeds die onverwagse, by-voorbeeld kontœrlyne soos in die foto.

Towerlantern Fotografie
- mei 2021-

RIGLYNE VIR REISFOTOGRAFIE

Maak seker:

- ✓ Jy is by 'n veilige plek en reg vir landskapfoto's.
- ✓ Die kamera is op 'n driepoot opgestel.

LENSOPENING

Aangesien 'n landskap tipies ver is, kan die lensopening gevarieer word van groot tot klein.

TIPE LENS

Vir 'n wye toneel mœt daar so veel as moontlik uitgezœm word. Vir 'n standaardlens van 18-55 mm is die keuse dus 18 mm. Varieer verder vir 'n smaller toneel.

ISO

Hou die ISO so laag as moontlik – verhoog die waarde slegs as dit absoluut noodsaaklik is.

FORMAAT

Waarskynlik sal landskapformaat die beste wees.

WITBALANS

Varieer die wit-balans-instelling soos nodig.

Speel rond met die opstelling en kamera-instellings. Doen moeite om kunssinnige foto's te kry. Doen ligte naverwerking tot eie bevrediging. Die foto wys iets hiervan (omkering ter wille van komposisie en effense verdonkering vir 'n meer dramatiese effek).

KEUSE VAN FOKUSPUNT

Kies 'n ver vaste punt vir die fokus- en die fokusseringspunt.

SLUITERSPOED

Gebruik die kamera se liniaal vir die korrekte sluiterspœd. Varieer verder en oorweeg ook om effens onder te belig.

FYN FOKUSSERING

Kontroleer weer die fokussering.

Towerlantern Fotografie
- mei 2021 -

KOOP NOU JOU REISKAARTJIE

slegs R200

In die Gevorderde kursus van Towerlantern Fotografie word een hele maandstuk gespandeer aan reis- en argitektuurfotografie. Daar word na verskillende aspekte gekyk, waaronder

- ✓ Reisfotografie
- ✓ Argitektuurfotografie
- ✓ Tœpassing: 'n kulturele tœr
- ✓ Tœpassing: 'n naweektœr
- ✓ Tœpassing: 'n gedokumenteerde verhaal

Gewoonlik bied ons nie ons kursusse in losstaande maandstukke aan nie. Ons maak nou egter 'n uitsondering met die volgende aanbieding: Teen R200 per persoon kan jy inskryf vir die bogenœmde maandstuk. Die enigste vereiste is dat jy die basiese instellings van jou kamera gœd onder die knie mœt hê. Verkieslik mœt jy ook 'n driepoot hê; en 'n kamerasak – jy gaan immers op reis. Benut hierdie geleentheid.

Om die kaartjie aan te skaf, dœn die volgende:

- ✓ Neem 'n selfoonfoto van die kaartjie hierby met jou naam by en stuur dit per whatsapp na johan@towerlantern.co.za, tesame met jou e-posadres.
- ✓ Bevestig jou inbetaling. Bankbesonderhede: JH de Klerk; ABSA spaarrekening, 3860 0850 242

Towerlantern Fotografie
– mei 2021–

SNY JOU FOTO'S!

Dit gebeur baie keer – dikwels juis as jy op reis is – dat jy foto's in die haas mœt neem; veral ook in die ry. En dalk is jy dan ongelukkig oor die produk.

Bekyk, as wenk, agterna wel sulke foto's gœd. Dalk is daar net die moontlikheid om 'n gewone kiekie te verhef tot 'n trefferfoto. Dis natuurlik wel belangrik dat jy die basiese komposisiereëls ken.

Voorfoto

Die voor- en na-selfoonfoto hierby wys wat gedœn kan word met snyding en effense verdonkering. Met dank aan Sienie de Klerk.



Na-foto

Tegnologie – jou ouderdom weggegee?

Vœl jy soms of die tegnologie jou inhaal? Of dat jy jou ouderdom weggee as jy oor tegnologie van vrœër gesels?

Party van ons kan so ver terugdink as musiek-CD's; nog ander kan *Storieman*-kasette onthou. En wat van ou langspeelplate (viniel) en nog verder terug, *seven singles* en nóg verder terug, kortspeelplate? Dalk weet iemand selfs nog van grammofoonspelers. Nou hoor ons dat musiek-CD's ook uit die mode raak.

Dieselfde verskynsel – maar oor 'n korter tydsverloop – tref ons aan by die berging van rekenaardata. Vir ons fotografie-vriende kan ons vra, waar stoor jy jou foto's? Vrœër was daar fotoalbums. Later het *floppies* en *stiffies* gekom. En tans: eksterne harde skywe. En nou hoor ons van "in die wolke" (Engels: *"in the clouds"*). Waar is daardie wolke?

Om self nie te stagneer nie, is ons raad om by die tegnologie by te bly – dit keer effens dat jy "oud" voorkom. Lees, as anti-stagnering, ook ons verdere artikel oor die berging van inligting, en vind uit waar is daardie "wolke". En kan hierdie wolke nie dalk miswolke word en voor die son verdwyn nie?

Is jy in die wolke?

Met vandag se vinnige internet en die feit dat vesel-internet ook al hœ meer bekostigbaar word, kan mens regtig wolkberging (Engels: *cloud storage*) oorweeg. Dit word op sy beurt ook al hœ meer bekostigbaar.

Die beskrywing “wolkberging” kan dalk effens verwarring veroorsaak. Die data hang natuurlik nie werklik in die lug nie, maar word in reuse datasentrums gestoor. En dié sentrums is geboue met duisende rekenaars met hardeskywe in.

Wat gebeur nou as daar ’n brand uitbreek in so ’n datasentrum? Mœt jou nie bekommer nie! Daar is spesiale maatreëls ingestel, soos gas-gebaseerde (CO_2) brandblussers en sensors wat die vog in die gebou meet.

Die posisie van jou data is ook nie bekend nie. Iemand kan dus nie in die gebou instap en jou data “vat” nie. Die sekuriteit is baie streng en net sekere personeellede het tœgang. Hul werk is slegs om herstelwerk te dœn en te kontroleer dat die stelsels reg werk.

Daar is ’n paar moontlikhede om te oorweeg as jy in wolkberging belangstel. Dit strek van “slegs spasie” tot “programme en spasie”. Die keuse is joune. Hieronder is enkele huidige pryse (natuurlik gekoppel aan die wisselkœrs). Kyk gerus rond na die verskillende moontlikhede en oorweeg ’n plan wat jou sak en dœl gaan pas!

- ✓ Dropbox: 2 TB teen R144 p/m
- ✓ Google drive / Google 1: 2 TB teen R159 p/m
- ✓ OneDrive / Office365: 1 TB teen R109 p/m (sluit die hele Microsoft Office pakket in)
- ✓ iCloud: 2 TB teen R149,99 p/m
- ✓ Adobe Creative Cloud: 1 TB teen R166 p/m (sluit Lightroom in)

Towerlantern Fotografie
– mei 2021 –

LAE-LIG AKSIE-FOTOGRAFIE

Josef Steyn

Gedurende Paasmaandag het ons 'n bergfietswedren hier by ons in Stilbaai gehad en ek moes gaan foto's neem. Dit het die heel dag sag gereën en die lig was deurentyd baie laag – baie uitdagende toestande! Dit was byna 'n voltydse werk net om druppels van die lens weg te hou. Die foto hierby met druppels op vertel die storie van die swak lig en reën goed.

Toe ons begin neem het was dit bykans nog heeltemal donker en moes 'n kameraflits gebruik word. Ek het nuwe Eveready Power Plus batterye gebruik maar hulle het die flits se kapasitor baie stadig gelaai. Ek vervang die batterye toe met Energizer Max batterye en toe gaan dit veel beter.

Na die wegspring het elkeen van ons 'n plek gekry waar ons moes sit en wag vir die fietsryers. Waar ek gesit het, kon ek die fietsryers eers sien as hulle omtrent 30 meter van my af was en ek het hulle vir slegs ongeveer 4 sekondes onder oë gehad.

Ek het kontinue fokus gebruik en sodra hulle verskyn, het ek fokus op die ryer gesluit met die lens maksimaal uitgezoem tot 105 mm. Ek het kontinu geskiet en terselfdertyd die lens teruggezoem tot 24 mm. Die ryers het uiteindelik omtrent 2 meter voor my verbygery en teen daardie tyd, met die lens op 24 mm, het hulle die skerm feitlik heeltemal gevul. Die wyehoek effek is te sien in die foto met die voorwiel wat baie groter lyk as die agterwiel.

Towerlantern Fotografie
- mei 2021 -

KODES

Moontlik het jy al die volgende raakgelees wanneer jy met WhatsApp besig is: *Messages and calls are end-to-end encrypted. No one outside of this chat, not even WhatsApp, can read or listen to them.*

Wat word hiermee bedœl? Die bedœling is presies wat dit sê: Jy kan maar per Whatsapp jou geheime foto's vir 'n vriend stuur en niemand langs die pad kan dit onderskep en lees nie – selfs nie Whatsapp nie. Hœ is dit moontlik? Kodifisering is die antwoord.

Die eenvoudigste kode, genœm 'n Cæsar-kode, kan soos volg ontwerp word. Skryf die letters van die alfabet 2 keer neer; die eerste gewoon van A tot Z en die tweede 'n aantal letters aangeskuif:

A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z
X Y Z A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W

In plaas dan om AAP te skryf, skryf jy XXM en in plaas van BOB skryf jy YLY.

Dis te verstane dat dit maklik is om dié kode te ontsyfer. Deesdæ is daar egter uiters gesofistikeerde kode-tegnieke wat byna onontsyferbaar is. Ons nœm 'n paar algemene sake omtrent kodes:

- Die vakgebied waarin kodifisering bestudeer word, staan bekend as kriptografie. Dit berus in 'n baie groot mate op wiskundige algoritmes.
- Vir 'n gœie kode mœt daar 'n "sleutel" wees om die inligting aan die begin tœ te sluit (kodifiseer) en daar mœt aan die einde 'n "sleutel" wees om dit weer oop te sluit (dekodifiseer). Dit is wat met "end-to-end encrypted" bedœl word.
- Kriptografie speel in die Tweede Wêreldoorlog 'n groot rol. Lees veral oor die *Enigma*-masjien en kyk na die fliek *The imitation game*. Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/The_Imitation_Game
- Lees ook by onderstaande adres meer oor kriptografie: https://www.csoonline.com/article/3583976/what-is-cryptography-how-algorithms-keep-information-secret-and-safe.html

waardering van lesers

Tersia Andrews van Centurion skryf die volgende na aanleiding van die April-uitgawe van Fotografienuus:

"Baie dankie! Eers my asem weggeslaan met die voorbladfoto en daarna die wenke vir wolktonele, wat my besig gehou het. Die atmosferiese verskynsels was vir my net so interessant. Foto's in die gallery is pragtig! Lekker gelees en gekyk!"

FOTO-*idees*

"Reis" op jou werf

Warm jou reislus op deur vir 'n begin sommer net op jou dorps- of plaaswerf te stap en met 'n "reisoog" jou omgewing te beskou. Neem foto's van enige onderwerp, soos hierdie onderdeel van 'n plaaswerktuig – net om jou kamera ook op te warm.



Gaan op 'n kulturele tœr

Die uitdrukking "kulturele tœr" kan wyd verstaan word. Gee jou eie betekenis daaraan, soos kos-fotografie. Kry iemand om jou te help met die stillering van kosfoto's of gaan besœk 'n restaurant.

Gaan op 'n argitektuurtœr

Iewers in jou stad of dorp of selfs op jou plaas mœt daar sekerlik een of meer geboue wees wat jou interesseer. Gryp jou kamera en probeer 'n storie vertel met foto's van dié gebou – lê veral klem op minder algemene fotohœke. Die foto van die President Pretorius-huismuseum in Potchefstroom gee die idee.

Towerlantern Fotografie
– mei 2021 –

MAAK DIE ONSIGBARE SIGBAAR

Die Duitse kunstenaar Paul Klee het gesê: "'n Skildery hoef nie die sigbare te weerspieël nie; dit moet die onsigbare sigbaar maak."

Vervang die woord "skildery" hierbo deur "foto" en dink oor die uitdrukking. Stem jy saam of stem jy nie saam nie? Wil jy net kiekies neem of wil jy iets meer sê met jou foto's?

Ons standpunt is: Leef hierdie beginsel uit. Die foto hierby wys iets daarvan – die toneel lyk allermins soos die werklikheid. As jy wil weet hoe die foto geneem is, kontak ons gerus.

Towerlantern Fotografie
- mei 2021 -